

**Dinsdag 27 Desember**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 13:1-13**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 13:7**

### **Die liefde hoop alles**

Vandag bedink ons die *drieluik* van die Christelike godsdiens: ’n skildery bestaande uit *drie panele*, verbind deur skarniere. *Geloof en hoop skarnier aan die liefde*, hang aan die liefde. Ons sing ná hierdie oordenking dié beroemde pryslied oor liefde van harte saam, soos Totius dit berym het (onder aangedui).

Die lied klink só: *liefde* (in Grieks: *agape*, verse telkens in hakies aangedui) oortref alle gawes van God (1-3); het sekere eienskappe (4-7); oorleef alle ander gawes (8-11); openbaar God eendag ten volle (12); is groter as geloof en hoop (13).

Weens ons sondeval besef ons óns liefde is nie naastenby hiertoe in staat nie. Die lied gaan oor Gód se liefde, trouens oor God Self, want “God IS liefde” (1 Joh. 4:16). Daarom kan hierdie liefde *alles bedek, glo, hoop en verdra* (vs 7). Dit is immers op pad na die heerlike voleinding, wanneer “God alles sal wees vir alles” (1 Kor. 15:28).

Buiten “alles bedek (vergewe), glo en verdra”, kan liefde ook alles *hoop*. Het u al gelet op ’n moeder met ’n ernstige siek baba? Of ’n jongman by sy sterwende verloofde se hospitaalbed? Of hoe ’n saaiboer, met ’n byna-ryp oes op die land, die windrigting dophou – bring dit hael of stof of verskroeiing? Of hoe ’n heroïen-verslaafde meisie smeekbid?

Hoop-en-geloof aan die skarnier-van-liefde ken geen grense nie. Dis ons lewensanker.

*Sing: Skrifberyming 9-4 (21) van 1 Korintiërs 13:1-8*

*Ds. Johan Botha (Emeritus)*